# Horison Sorgsentrum

Die sentrum is in 1980 gestig en verskaf dagsorg en terapeutiese dienste en is ‘n stimulasie- en versorgingsentrum vir erg en uitermatig gestremde kinders. Die kinders (van alle ouderdomme) het breinskade en party is ook liggaamlik gestremd en of blind.

Horison hou jaarliks gedurende Maart ‘n Dankseggingsdiens. Hierdeur gee hul dank aan God vir die oorvloed waarmee Hy hul daagliks seën. Rietvalleiers was weereens uitgenooi om die pragtige geleentheid mee te maak. Ongelukkig kon net ‘n handjievol lede dit bywoon en kon deel in die pragtige boodskap, sang, lag, kuier en lekker eet aan die hoenderpasteie, slaai en soetgoed (deur die Rietvalleiers voorsien).

Hieronder is ‘n fotoblad wat opsigself hul eie storie vertel, geniet dit saam met my:



‘n Baie gepaste boodskap is gelewer en gepaste Daaglikse Gebedkaartjies is aan almal uitgedeel. Gaan besoek gerus GOODNEWS24ORG

Daar is oudergewys weer om die kruis gestap om vorige kinders wat hier versorg was, te herdenk. Die name is op klippies geskryf wat aan die voet van die kruis gepak word.









Hand gemaakte sonneblomme is in 'n sandput gedruk wat die kinders se "Sonstraaltjie" weerspieël.









Daar is oudergewys weer wit duiwe vrygelaat tot groot opwinding van die kinders.



Voorbereiding of deel van die groot kuier?

Hierdie is ‘n jaarlikse gebeurtenis wat nie een van ons as Rietvalleiers behoort mis te loop nie en ek vertrou dat ons jarelange verbintenis en betrokkenheid met hierdie gawe mense nog lank so sal voortduur, nie net deur ons finansiële bydrae nie, maar ook in ander vorme.

*Tjaart en Marietjie Klaasen*